## SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS

**NO. R. 4287** **26 Januarie 2024**

### DOEANE EN AKSYNSWET, 1964.
### WYSIGING VAN BYLAE NO. 1 (NO. 1/1892)

Kragtens artikel 48 en vir die doeleindes van artikel 49(1)(a) en (b) van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Bylae No. 1 by bogenoemde Wet hiermee gewysig, **met ingang vanaf 31 Januarie 2024,** in die mate in die Bylae hierby aangetoon.

**ENOCH GODONGWANA**
**MINISTER VAN FINANSIES**

**BYLAE**

**Deur die vervanging van die volgende Algemene Opmerking(s) O in Bylae No. 1:**

O. REGTE OP GOEDERE WAAROP DIE AFRIKA KONTINENTALE VRYE HANDEL GEBIED BETREKKING HET

1. In hierdie Opmerking en vir die doeleindes van Bylae No. 1, sal, die uitdrukking "AfKVHG", "AfKVHG Staat" of "Staatspartye" verwys na die volgende nie-SAOG Lidstate:wat die Voorlopige Bylae van Tarief Konsessies ge-ïmplementeer het:

| **Land** | **Datum** |
|---|---|
| Algerië | 31 Augustus 2023 |
| Kameroen | 31 Augustus 2023 |
| Egipte | 31 Augustus 2023 |
| Ghana | 31 Augustus 2023 |
| Kenia | 31 Augustus 2023 |
| Rwanda | 31 Augustus 2023 |
| Tunisië | 31 Augustus 2023 |

2. Die uitdrukking "AfKVHG Ooreenkoms", of "Ooreenkoms" sal verwys na die Ooreenkoms wat die Afrikaanse Kontinentale Vrye Handelgebied en sy Protokolle, Aanhangsels en Bylae vestig wat 'n integrale deel daarvan sal vorm.

3. .Enige skaal van reg in die AfKVHG kolom vermeld ten opsigte van enige pos of subpos van Deel 1 van Bylae No. 1 wat laer is as die skaal van reg wat in die Algemene kolom vermeld is sal van toepassing wees op ingevoerde goedere waarop sodanige pos of subpos betrekking het indien sodanige goedere hulle oorsprong in die AfKVHG of 'n gespesifiseerde AfKVHG Staat het en voldoen aan die ander vereistes van die AfKVHG Ooreenkoms.

4. Vir die doeleindes van klaring van enige ingevoerde goedere teen die laer skaal van reg in die AfKVHG kolom gespesifiseer, sal die invoerder ten tye van klaring vir binnelandse verbruik van enige besending tesame met enige vereiste dokumente wat voorgelê moet word ingevolge artikel 39 'n geldige bewys van oorsprong en bewys van voldoening aan die grondgebied vereiste in ooreenstemming met die voorsienings van Deel F van die Bylae tot die Algemene Opmerkings by Bylae No. 1.

5. (a) Die implementering van die SAOG Voorlopige Bylae van Tarief Verpligtinge soos vervat in die AfKVHG-kolom is;-
   (i) belyn met die implementeringsdatums van die Voorlopige Bylae van Tarief Verpligtinge van individuele AfKVHG Staat partye soos goedgekeur deur die AfKVHG Raad van Ministers; en
   (ii) met inbegrip van die tarief affaserings vir drie jaar, bereken vanaf 1 Januarie 2021.
   (b) Geen terugbetalings sal betaal word ten opsigte van enige invoere geklaar vanaf AfKVHG Staat partye voor ** November 2023 wat die implementeringsdatum sal wees soos voorsien in die Kennisgewing in die Staatskoerant gepubliseer.

6. AfKVHG Staat partye sal kwalifiseer vir die voorkeur reg vervat in die AfKVHG kolom vanaf die datum wat hierdie Staat Partye gelys word deur Kennisgewing gepubliseer in die Staatskoerant. SAOG lande, wat deel is van die SAOG Protokol, sal voortgaan om handel te dryf onder die SAOG Handels Protokol.

7. Die skale van reg gespesifiseer in die kolom getiteld "AfKVHG" sal opgeskort word indien:
   (i) Staatpartye nie wederkerigheid wys op tariefdekking nie;
   (ii) Staatspartye implementeer nie affaseerings in ooreenstemming met die aanvaarde fase-affaseringstydperk van vyf of tien jaar van toepassing vanaf 1 Januarie 2021 wat 90% van hul tarieflyne dek nie; of
   (iii) daar redelike twyfel bestaan dat:-
      (a) 'n produk aan die toepaslike reël van oorsprong voldoen;
      (b) die dokumentasie verwant aan die oorspronklike status van die produkte geldig is; of
      (c) die ander vereistes van die Aanhangsel oor Oorsprongsreëls van die Protokol oor Handel in Goedere van die AfKVHG ooreenkoms, soos bepaal in artikel 36 van die Bylae oor Reëls van

Oorsprong aan voldoen is.

8. Die Minister van Handel, Nywerheid en Mededinging sal die Minister van Finansies skriftelik versoek om die voordele van 'n Staatsparty op te skort in omstandighede soos uiteengesit in Opmerking 7(i) en (ii).